

Boek eensydig voorgehou

PROF. S. J. TERREBLAN-
CHE, Stellenbosch, skryf:

Prof. J. J. Degenaar gee voor dat hy nóg by die Afrika-
ner nóg by die English Estab-
lishment ingedeel kan word
(Menings, 5 deser). Hy verkies
die „derde weg” van ’n party-
politiek onverbonde intellek-
tueel. Dit is glo die weg van
mondige Afrikaners wat na
alle kante kritiseer!

Prof. Degenaar se lang ge-
skiedenis van venynige en
onsimpatieke kritiek op die
Afrikaner en die Nasionale
regering is egter geen toon-
beeld van ’n „derde weg”
nie. Tog snaaks hoe Progressief-
georiënteerde Afrika-
akademië altyd weghardloop
van hul geestelike verbintenisse
met die P.F.P. Skort daar
dan so baie met die P.F.P.?

VERSKANS

My probleem met prof. De-
genaar se briewe is dat hy
eers wilde politieke houe
slaan, en wanneer hy dan
met spesifieke vrae tot ver-
antwoording geroep word,
terugval om homself te ver-
skans in die posisie van ’n
politiek onverbonde moralis
wat nie wil „afdwaal in ’n
onvrugbare partypolitieke
polemiekkie” nie!

Die groot leemte in prof.
Degenaar se tweede brief is
dat hy steeds geen enkele
rede verskaf waarom hy hom
van so ’n gevaarlike en gelaai-
de term soos „strukturele
geweld” bedien nie. Hy sê
bloot dat hy „meen” die
begrip kan „op die strukture
waarin die swartman hom
ans in Suid-Afrika bevind”
van toepassing gemaak word.

KEUSE KLINK HOL

Dit is darem nie goed ge-
noeg vir ’n akademikus nie.
Veral nie vir een wat toegee
dat „strukturele geweld”
inderdaad „aangewend word

om die gewelddadige omver-
werping van die bestaande
orde te regverdig” nie. Dit
laat sy keuse van evolusie
bo revolusie bra hol klink.

Dit lyk of prof. Degenaar
die term „strukturele geweld”
nodig het om persoonlik die
nodige insig te verkry „in
die diepgaande strukturele
veranderinge wat (in Suid-
Afrika) nodig is”. Eienaardig
genoeg, is hy in albei briewe
net behep met die politieke
dimensie wat hy meen in Die
Swerfjare van Poppie Non-
gena beskryf word, en is hy
klaarblyklik blind vir ander
strukture wat ewe operasio-
neel in die boek is.

VRAAG

Die volgende vraag ont-
staan onwillekeurig: Lees
prof. Degenaar wat in *Poppie
Nongena* staan, of lees hy
wat hy graag daarin wil lees?
’n Mens wat werklik diep-
gaande (en daarom seker ook
omvattende) strukturele ver-
anderinge wil hê, maar in
die verhaal van *Poppie Non-
gena* net één van die baie
strukture wat in die boek
beskryf word, raaksien én vir
venynige kritiek diagnoseer as
„strukturele geweld”, is óf
intellektueel oneerlik óf nie
objektief nie óf lê nie die
nodige sin vir verhoudinge
aan die dag nie.

Dit is juis die besondere
verdienste van Elsa Joubert
se menslike verhaal dat sy
minstens vier strukture
beskryf wat baie ter sake is
vir Poppie (en ander swart-
mense) se lewenslot. Sy toon
ook op indringende wyse aan
dat elke struktuur sy eie „wet-
matigheid” of „dwang” het
(prof. Degenaar sal dit seker
„geweld” noem). Die skryf-
ster het ook die lig- en die
donker kante van elke struk-
tuur op voortrefflike wyse uit-
gebeeld.

VIER STRUKTURE

Die vier strukture wat ek
graag uitlig (daar kan ook
ander wees), is die volgende:

1. Die politieke struktuur,
waarvan instromingsbeheer
en diskriminerende maatreëls
deel vorm, maar waarvan die
verskaffing van (byna) vrye
mediese en onderwysdienste
en goedkoop huisvesting aan
swartmense óók deel uit-
maak.

2. Die struktuur van die

private (*kapitalistiese*) ekono-
mie. Aan die donker kant
is die melkery wat die ooraan-
bod van swart arbeid en die
kontrakstelsel misbruik en
onder meer Poppie se man
se gesondheid knak. Maar
aan die ligkant is baie voor-
beelde van werkgewers wat
hul sosiale verantwoordelik-
hede teenoor swartmense op
navolgenswaardige wyse uit-
leef.

AFGRENSINGE

3. Die eintlike wêreld
waarin Poppie Nongena leef,
word afgegrens deur die tradi-
sionele skoonfamilie aan die
een kant en haar moderne
ervaringe in die stad aan die
ander kant. Binne hierdie „
tradisioneel moderne” struk-
tuur is die swartmense aan
verskillende prosesse van
akkulturasië onderworpe. Die
uitgebreide familieverbande
en etniese gebruike hou baie
voordele in.

Maar aan die ander kant
„dwing” dit Poppie om haar
seun ná st. 9 uit die skool
te haal vir inisiasie. Poppie
se man besoek toordokters,
en dit het uiteindelik noodlot-
tige gevolge. Die botsende eise
wat die tradisionele en die
moderne wêreld aan Poppie
stel, is vir ’n belangrike deel
van haar sielewroeging ver-
antwoordelik.

4. Die skryfster gee ’n tref-
fende uitbeelding van die
bevolkingsontploffing, die ge-
brek aan werkgeleenthede,
die armoede en die desperatê
vlug van swartmense na ver-
meende werkgeleenthede in
die stede. Dit is ’n beskrywing
van die Derde Wêreld-struk-
tuur, waarin sowat die helfte
van die swartmense in Suid-
Afrika — en meer as die
helfte van die wêreld se bevol-
king — in meerdere of min-
dere mate vasgevang is.

Danksy die relatief groot
moderne sektor van die Suid-
Afrikaanse ekonomie en die
handhawing van orde is die
„dwang” van hierdie struk-
tuur reeds heelwat sagter in
Suid-Afrika as in die meeste
lande van die Derde Wêreld.

Hierdie vier strukture staan
natuurlik nie los van mekaar
nie. Hulle is onderling vervleg
en ondersteunend en maak
gesamentlik ’n belangrike
deel van die Suid-Afrikaanse
stelsel uit.

Ek is daarvan oortuig dat

dit nie alleen baie nodig is
nie, maar beslis ook moontlik
om die eerste twee strukture
(naamlik die politieke en die
ekonomiese) ingrypend te *hu-
maniseer* deur middel van ’n
evolusionêre proses waardeur
diepgaande strukturele veran-
deringe teweeggebring sal
word.

Ek is nie skaam om te
sê dat ek my binne die politi-
ieke party én die kultuuror-
ganisasies — waarmee ek my
„selfstandig geassosieer” het
— daadwerklik en met oor-
gawe beywer vir ordelike ver-
anderinge van bogenoemde
twee strukture rief. Onnodig
om te sê dat ek (en ander)
ruim geleentheid daartoe
gegun word.

MOEILIKSTE EISE

Wat die „tradisioneel
moderne” lewensruimte van
die swartmense en die akkul-
turasieproses betref, is ek
enigsins „uit my diepte”. Of
dit byvoorbeeld wenslik is om
die prosesse van akkulturasië
te versnel en hoe dit gedoen
moet word, is vroe waarop
ek nie kan antwoord nie. Dat
hierdie struktuur of lewens-
ruimte gehumaniseer behoort
te word, staan seker bo twyfel.

Die Derde Wêreld-struk-
tuur stel ongetwyfeld die
moelikste eise aan ons. Die
probleme („dwang”) wat deur
hierdie struktuur beliggaam
word, moet natuurlik nie son-
der meer op die rekening van
Suid-Afrika se politieke stel-
sel geplaas word nie. Dit
bestaan ook in lande met
ander politieke stelsels.

TERGEND

Hierdie probleme gaan nie
net in Suid-Afrika nie, maar
ook in ander lande van die
Derde Wêreld „dwingend”
word in die jare wat voorlê.
In die volgende twintig jaar
sal ons byvoorbeeld duisend
werkgeleenthede per werkdag
moet skep as ons almal wat
sal wil werk werk wil gee!

Die Derde Wêreld-pro-
bleem het ’n tergende en uni-
versele probleem geword. Nie
alleen Suid-Afrika nie, maar
die Eerste Wêreld het ook
geen vanselfsprekende oplos-
sing vir die „oplaaiende
dwang” van hierdie struktuur
nie. Ek is nogtans daarvan
oortuig dat ons die vermoë
— en hopelik ook die wil

die Sosaal-Demokratiese
Party (S.P.D.), ’n beroep ge-
doen om hul ware kleure te
wys oor die kwessie van uit-
sluiting, wat hy „’n martel-
instrument” noem.

Die vakbondeleiers kan
uiteindelik kry wat hulle van
die S.P.D. wil hê. Die party
was onlangs in Keulen op
’n buitengewone kongres dui-
delik ten gunste van ’n verbod
op uitsluiting, en het besluit
om die politieke stryd daar-

skynlik nóg ’n turk tank hul
duur stryd op eie houtjie moet
voer. ’n Vakbondeleier het
gesê: „Ons sal nie toelaat dat
ons gedwing word om ons
kantoorgebou te verkoop (om
geld in die hande te kry) nie.”

Die vakbonde sal egter vind
dat hulle gedwing word om
ontslae te raak van sommige
van die bate wat hulle in
die goeie ou dae van Wes-
Duitsland se arbeidsvrede
versamel het.

MENINGS VAN ONS LESERS



— het om die swartmense
’n onvergelykbaar beter bedel-
ing as in enige ander land
van die Derde Wêreld te bied.

Om dit te bereik sal ons
die gewenste strukturele ver-
anderinge op ekonomiese en
politieke gebied op evolu-
sionêre wyse moet teweeg-
bring. Maar dan sal ons geen
gras meer onder ons voete
kan laat groei nie.

Teen hierdie breë agter-
grond van verskeie strukture
wat gesamentlik ’n rol in Pop-
pie Nongena se lewe speel,
is die konstruksie wat prof.
Degenaar op die boek plaas
— naamlik dié van „struktu-
rele geweld” waaraan swart-
mense net weens politieke
oorsake onderworpe is — nie
alleen eensydig en gevaarlik
nie, maar inderdaad ook baie
naief, wat die duidelike kente-
kens van ’n voorspelbare voor-
ingenomendheid dra.

Hierdie konstruksie skep
nie alleen ’n skewe voorstel-
ling van die boek nie, maar
dit gee óók (en dit is belangri-
ker) ’n verwronge beeld van
die Suid-Afrikaanse probleem-
kompleks en van die
groepdinamika daarvan.

Prof. Degenaar sou goed
handel as hy vir hom ’n goed
gebalanseerde voorstelling
probeer maak van hoe die
„dwang” wat in die Derde
Wêreld-struktuur skuil, tot ’n
volkome chaos kan ontaard
as sy gebruik van ’n term
soos „strukturele geweld”
ander daartoe aanspoor om
die beweerde „geweld” in die
politieke en ekonomiese
(kapitalistiese) strukture op
gewelddadige wyse te probeer
„breek”.

Min of meer dieselfde kan
gebeur as politiek onverbonde

intellektuele van die beweerde
„geweld” in die genoemde
strukture ontslae probeer
raak deur dit sommer holder-
stebolder in die dwangbuis
van onbekookte politieke en
ekonomiese modelle te wil
dwing.

Mense wat in alle erns
daarvoor pleit dat diepgaande
strukturele veranderinge op
evolusionêre wyse moet ge-
beur, moet bewys lewer dat
hulle ’n goeie begrip het van
die ordende waarde van die
bestaande strukture — hoe
gebareklik dit ook al is.

Mense wat op so ’n wyse
om sodanige verandering
pleit, moet koel koppe hê
en by uitstek die vermoë om
’n gebalanseerde totaalbeeld
van ons problemsituasie te
vorm. Ons kan ons nie die
luukse van eensydige en
skewe voorstellinge veroorloof
nie.

Uit Die Woord en Die Blye Boodskap

Die Woord

WANT so lief het God die
wêreld gehad dat Hy sy enig-
gebore Seun gegee het, sodat
elkeen wat in Hom glo, nie
verlore mag gaan nie, maar
die ewige lewe kan hê. Joh.
3:16.

Die Blye Boodskap

„WANT God het die wêreld
so lief gehad dat Hy sy enigste
Seun gegee het, sodat die
wat in Hom glo, nie verlore
sal gaan nie maar die ewige
lewe sal hê.” Joh. 3:16.

Kopiereg

GEEN berig, artikel of
foto in hierdie koerant
mag sonder verloop van
Nasionale Koerante Be-
perk gereproduseer word
nie, ingevolge Seksie 12 (7)
van die Kopieregwet van
1978.